



Deur geleentheid tot uitnemendheid

Privaatsak X5886 Upington 8800 duineadmin@telkomsa.net
054 338 8222 054 338 8288 / 054 338 8299

OMSENBRIEF 3/2017

29 September 2017

Geagte Ouer

Ek gee graag 'n paar reëlings aan u deur voor die jaar finaal verby is.

1 **Aan die Graad 12-ouers:**

Die graad 12-leerders is reeds ingelig ten opsigte van hul finale eksamenrooster.

1.1 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen:

Die laaste skooldag vir die graad 12-leerders is **Vrydag, 13 Oktober 2017**. Die **Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen** is geskeduleer om op **23 Oktober 2017** te begin en op **28 November 2017** te eindig. Die Rekenaartoepassingstechnologie en Inligtingstechnologie prakties word reeds op **16 en 17 Oktober 2017** afgeneem. Neem asseblief kennis dat alle kandidate egter beskikbaar moet wees vir die tydperk **28 November 2017 tot 09 Desember 2017** in geval enige vak herskryf moet word.

1.2 Ekstra Onderrigtyd vir Gr.12's:

Ons is as skool baie trots op ons akademiese rekord; daarom wil ons graag vir u kind help om net die beste voorbereiding te doen vir sy/haar Nasionale Senior Sertifikaat eksamen.

Ons beplan om vir die tydperk **9 Oktober 2017 tot 12 Oktober 2017** 'n *addisionele onderrigtyd* in sekere vakke vir ons *Graad 12-leerders* in die namiddae te skeduleer.

U kan op die "communicator" 'n datum-/tydrooster vind (onder "bronne") wat vakke en tyd sal aandui waarop hierdie vakhulp sal plaasvind.

Ek wil u verseker dat ons onderwysers nog regstellings en vaslegging gaan doen na aanleiding van die swak areas soos deur die September-eksamen uitgewys. U kind moet asseblief hierdie geleentheid gebruik om hom- /haarself voor te berei vir die belangrike eind-eksamen. **Ons vra u as ouer se samewerking om asseblief toe te sien dat u graad 12-leerder hierdie klasse sal bywoon.**

Ons as skool wens u saam met u kind sterkte toe vir hierdie belangrike eksamen wat voorlê!

2 **Prysuitdeling-geleenthede 2017**

2.1 **Saal-prysuitdeling** (Silwer en Brons toekennings)

Alle ouers wie se kinders Silwer of Bronstoekennings ontvang, word hartlik uitgenooi om die prysuitdelingsgeleentheid op **10 Oktober 2017**, tydens die saalperiode van die skooldag, by te woon.

2.2 **Prestige-prysuitdeling** (Goue toekennings)

Ouers wie se kinders goue toekennings ontvang, word uitgenooi om die Prestige prysuitdelingsgeleentheid op Donderdagaand, **12 Oktober 2017** vanaf 18:15 in die Suidsaaal by te woon.

3 **Algemene Oueraand:**

Ons laaste **Algemene Oueraand** vir die jaar sal plaasvind op **Maandag, 16 Oktober 2017** om **18:00** in die **Suidsaaal**. Dit is 'n vergadering vir alle ouers van alle grade.

Voorlopige Agenda vir Oueraand

- 1 *Goedkeuring van begroting 2018.*
- 2 *Graadgroepe verdeling: Inligting rakende slaagvereistes en geleentheid vir vrae rakende vakkeuses vir graad 9-ouers.*
- 3 *Gespreksgeleentheid met onderwysers.*

4 **Aandag alle Koshuisouers: Begrotingsvergadering**

Alle koshuisouers word uitgenooi na 'n **Begrotingsvergadering** op **Maandag, 16 Oktober 2017** om **08:00** in die **Konferensie-lokaal** van die **Hotelskool**.

Hierdie vergadering word spesiaal na die uitnaweek vroeg die oggend gereël om u die geleentheid te gee om dit te kan bywoon.

Die skool- en koshuisbegrotings is vooraf beskikbaar vanaf 10 tot 15 Oktober 2017 vir besigtiging. U kan per afspraak met mnr. Arnold Human die voorgestelde begroting besigtig. Sy kontakbesonderhede is op "communicator" beskikbaar.

5 Finansies:

5.1 Skoolgelde:

Die ouers wat maandeliks betaal, moet kennis neem dat alle skoolgelde betaal moet wees voor/op Dinsdag, **31 Oktober 2017.**

Baie dankie aan die meerderheid ouers vir die stiptelike nakoming van u verpligtinge. Ons wil al ons ouers steeds aanmoedig om die skoolgelde per debietorder te betaal. Die reëlings vir die debietorder kan by die skool by mev. R. Burger getref word. Die skool dra die bankkoste van die debietorder.

Indien u in gebreke sou bly om u skoolgeld te betaal en u sonder opgawe van rede steeds agterstallig is met skoolgelde, kan die Beheerliggaam u aanmeld vir invordering en kan u op die kredietburo geplaas word, soos versoek op 'n *Ouervergadering op 18 Oktober 2007.*

5.2 Koshuisgelde:

Aangesien ons finansiële beleid vra dat ons meer gebruik moet maak van elektroniese betalings en weg moet beweeg van kontant hantering en tjeks, wil ons u versoek dat u aansoek sal doen vir die terugbetaling van u breekskade by die koshuise. Hierdie aansoek is slegs vir koshuis-leerders wat die koshuis permanent verlaat aan die einde van 2017. So 'n aansoekvorm is by die kantoor by mev. Ria Louw beskikbaar vanaf **Maandag, 9 Oktober 2017.**

5.3 Namibiese Tjeks:

Geen Namibiese tjeks word deur RSA-banke aanvaar nie. 'n Namibiese tjek kan dus nie vir die skool-/koshuisrekening of by die boekestoor gebruik word nie.

6 Voertuie op skool- en koshuisgronde:

Ek wil asseblief ons ouers se samewerking en ondersteuning vra rondom dié kwessie van motors en motorfietse. Hier is heelwat graad 9 tot 11-leerders wat sekerlik nog nie in die besit kan wees van 'n bestuurderslisensie nie, maar wat met 'n voertuig op die skoolterrein rondry. Die skool se beleid is dat slégs graad 12-leerders, wat in besit is van 'n wettige bestuurderslisensie vir 'n voertuig, hul voertuie op die skoolterrein mag bring en ook net mag parkeer op 'n area aan hul uitgewys.

- *Geen leerder mag op die terrein van Noord na Suid ry gedurende die skooldag nie.*
- *Geen leerder wat nog nie in besit is van 'n bestuurderslisensie vir 'n motor of motorfiets, mag met enige voertuig op die skoolterrein kom nie.*
- *Ons gaan ter wille van alle leerders se veiligheid 'n sterk veldtog loods om hierdie aangeleentheid aan te spreek.*
- *As ons leerders kry wat hierdie reëls verbreek, sal ons sy sleutels konfiskeer en u as ouer moet dan hierdie voertuig by die skool kom haal.*

Dankie vir u samewerking om die skoolterrein 'n veilige plek te maak vir al ons kinders.

4.

7 **Opelugfunksie:**

Neem kennis dat die OOV se opelugfunksie verskuif het na **14 Oktober 2017**.

8 **Her-opening van skool:**

Skool her-open op Maandag, 9 Oktober 2017 om 07:00.

'n Welkome week van rus word u en u kinders toegewens!

Duineveld-groete.

R. VAN DER VYVER
SKOOLHOOF

